e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

21 Mei 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 15

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Skeidingsangs

Skeidingsangs vorm deel van ons daaglikse bestaan. Anders as vroeër, word die meeste babatjies deesdae na 'n dagmoeder geneem terwyl 'n moeder na haar werk moet gaan. Klein kindertjies bring tyd by naskoolsentrums deur.

Dit is egter nie net waar van kinders of babas nie. Die meeste gesinne of families kan getuig van hartseer skeidings as gevolg van 'n geliefde wat iewers in die buiteland 'n bestaan probeer maak. Werksomstandighede in ons eie land maak dit dikwels moeilik vir gesinne om voldoende tyd met mekaar deur te bring. Trouens, ons is voortdurend besig om afskeid te neem by 'n motor, 'n voordeur of 'n lughawe... of 'n graf. Hierdie verskillende vorme van afskeid veroorsaak spanning, hartseer en soms selfs angs in ons lewens.

Miskien verklaar dit in 'n mate wat Jesus se dissipels ervaar het. Vir hulle was skeiding en die spanning wat daarmee gepaardgaan, soos 'n metgesel wat deurlopend oor hulle skouer geloer het. Jesus het byvoorbeeld dikwels genoem dat Hy die een of ander tyd sou moes weggaan. Sy woorde het egter nooit behoorlik ingesink nie, tot op die dag toe Jesus voor hulle oë weggeraak het.

Jesus was dikwels die verborge God in die leefwêreld van sy dissipels. Hulle het Hom immers selde volledig verstaan. Hulle het die volle impak van sy koms na die aarde en sy verkondiging maar met rukke en stote begryp. Nou het dit geblyk dat Hy moes weggaan en dat Hy as't ware wéér verborge sou word. Die gedagte het emosie by hulle wakker gemaak. Ook maar soos die gedagte aan skeiding ons emosioneel raak.

Jesus doen dan 'n paar dinge om die lot van sy volgelinge te verlig. Op sy kenmerkend kalm en rustige manier besweer Hy die emosie. *Julle moenie ontsteld wees nie…* Hulle mag nie toelaat dat die gedagte aan skeiding hulle lewens oorheers nie. Hy het immers belangrike take gegee wat hulle moes verrig.

Hy vestig vervolgens hoop in hulle leë wêreld. Jesus gaan om 'n plek te berei in 'n werklikheid wat beter sal wees as die een waarin hulle hulself in daardie stadium bevind het. Die belofte hou in dat hulle tuiskoms in die nuwe werklikheid 'n gemaklike oorgang sal wees.

Hy onderneem laastens om hulle nie alleen te laat nie, maar om aan hulle 'n Trooster te stuur wat die leemte en die skeidingshartseer en angs draagliker sal maak. Eindelik leef sy Gees in hulle om al bogenoemde waarhede te vestig.

Skeidingsangs realiseer op verskillende maniere in ons lewens. Miskien hoofsaaklik by kinders, maar tog ook by volwassenes. Die wonderlike is dat God in sy groot genade sy teenwoordigheid in ons lewens vestig. Hy is met ons en by ons. Skeiding en die emosie wat daarmee gepaardgaan, bly 'n realiteit; God, deur sy openbaring aan ons, is en bly 'n groter realiteit.

Ds David Barnard

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Frikkie Labuschagne** van Parys na Rustenburg-Kloof

Vakante standplaas

- **Gemeente Mafeking** beskik oor 'n vakante volsorgstandplaas na die emiritaataanvaarding van ds Casper Steenkamp op 26 April. 'n Gerieflike pastorie is beskikbaar en die normale voordele en voorgeskrewe pakket word aangebied. Aansoeke vergesel van 'n volledige CV moet die gemeente bereik **voor of op Sondag 24 Mei** of kan per e-pos gestuur word aan die skriba, oudl Piet van der Merwe (082 940 5611, **pvdmerwe@ppc.co.za** of **ppvandermerwe@gmail.com**), of die voorsitter van die Ouderlingevergadering, oudl Adriaan Redelinghuys (082 789 1523, **adriaanred@yahoo.com**) en/of die administratiewe beampte, Magda Redelinghuys (082 825 1913, **magda.redelinghuys@gmail.com**).

- Die **Howick-gemeente** van die Afrikaanse Christenkerk van Nieu-Seeland (ACK van NZ) beskik oor 'n vakante pos vir 'n leraar wat tans in die beroep staan en geroepe voel om in 'n dinamiese multikerklike gemeente te dien. Die gemeente is in Auckland geleë en het so pas hul 10de verjaardag gevier. Die ACK het reeds 9 gemeentes in Nieu-Seeland en groei steeds. Kandidate wat oor goeie gesondheid beskik en kans sien vir die emigrasieproses, kan (+64) 09 271 4803 skakel of 'n e-pos stuur na **ackhowick@gmail.com** om 'n aansoekvorm te bekom.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds At McDonald** ontvang tans chemoterapie, en die Kerk se voorbidding word vir hom gevra.

- **Ds Rudi (RDJ) van Wyk** is steeds in Wilgers-hospitaal. Hy het oor die naweek 'n terugslag gehad en is kritiek met hart- en nierversaking. Die Kerk se voorbidding word gevra vir hom, sy vrou Fransien en die kinders.

- **Dr Gerhard Lindeque**, predikant van Rooihuiskraal en redakteur van *Die Hervormer*, besoek oor die naweek van 23 en 24 Mei die lidmate in Harare en lei die eredienste op die gewone plekke daar.

- **Prop Willem Dykema** se aanvaarding van die beroep na Bloemfontein bring die studentebearbeiding daar weer op dreef. Dr Johan Nel het die bediening saam met ds Ivan Katzke behartig, en prop Lorret de Leeuw het etlike maande lank gehelp.

- Die gemeentes Dordrecht en Queenstown word tans deur **ds Thinus Swart**, deeltydse predikant van Petrusburg, bearbei.

- **Dr Gerhard Nel** van Gemeente Hartebeeshoek bied weer sy Bybelinterpretasie-kursus aan. Bybelboeke word in terme van agtergrond, oorspronklike skrywer en lesers, enkele teologiese temas en boodskap vir vandag bespreek. Dit is 'n korrespondensiekursus, en alle studiegidse word voorsien. Vir navrae, besprekings of om 'n gratis inligtingsbrosjure te bekom, kontak dr Nel by 082 823 5074 of **gnel@nhk.co.za**.

- Twee Hervormde predikante is betrokke by die **Suid-Afrikaanse gemeente in Londen**. Lidmate met familie daar kan gerus die volgende besonderhede aan hulle deurgee:

  - **Ds Maryka Potgieter**
    Huistel 0044 2074734427
    Sel 0044 7846071845
    maryks@btinternet.com

  - **Prop André Harmzen**
    Huistel 019 23773382
    Sel 0044 784 102 9307
    andreharmzen@yahoo.com

- **Die volgende predikante verjaar van 23 tot 29 Mei,** en word hartlik geluk gewens:

  - Saterdag 23 Mei: Ds Johann de Bruin
  - Sondag 24 Mei: Ds Robert Jones
  - Maandag 25 Mei: Di Rudi Botha, Johan Koekemoer, Louis Pienaar en Danie Taljard
  - Dinsdag 26 Mei: Di Jackie Dippenaar en Piet Viljoen
  - Woensdag 27 Mei: Ds Piet Steenkamp
  - Vrydag 29 Mei: Di Ben van Staden en Paula Eksteen

- Mev Corlia Erasmus (82) en haar kinders, Maarten, Hesti, André en Danie, het 'n verjaardagete met familie en vriende gehou ter viering van haar eggenoot, **ds Daniël F Erasmus**, se 80ste verjaardag op 15 Mei. Hulle het 9 kleinkinders, en ds Erasmus deel sy verjaardag met sy jongste kleinkind, Lizamé (7). Die egpaar is steeds in Gemeente Heilbron, waar ds Erasmus jare lank in die bediening was.

- **Ben Schoeman**, die eerste plaaslike pianis wat die Unisa Vodacom Internasionale Klavierkompetisie gewen het, het so pas in Londen die 57ste ROSL-musiekkompetisie in die Queen Elizabeth Hall gewen. Daar word vier pryse in afsonderlike kategorieë toegeken – vir pianiste, blasers en perkussie, strykers en sangers – waarna die goue medalje en wennerstjek aan die algehele wenner oorhandig word. Die ROSL ondersteun die wenners van die kompetisie en borg onder meer hul optredes in voorste konsertsale en internasionale musiekfeeste in Brittanje en Statebondslande. Ben, 'n seun van **Marinus en Marie Schoeman van Gemeente Philadelphia**, onderneem later vanjaar 'n landwye toer deur Suid-Afrika – geborg deur Vodacom – wat deel uitmaak van sy oorwinning in die Unisa-kompetisie in Februarie 2008.

- **Die volgende ringsvergaderings vind plaas van 23 tot 31 Mei:**

  - Ring van Noordelike Natal: 23 Mei te Utrecht
  - Ring van Trichardtsfontein: 31 Mei te Secunda
  - Ring van Pretoria: 24 tot 26 Mei te Philadelphia
  - Ring van Zeerust: 23 Mei te Ventersdorp
  - Ring van Lydenburg: 29 Mei te Witrivier
  - Ring van Pietermaritzburg: 23 Mei te Pinetown
  - Ring van Roodepoort: 31 Mei te Witpoortjie

- **Gemeente Vredefort** vier op Sondag 24 Mei sy **50ste bestaansjaar**. Die voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), prof Theuns Dreyer, sal die Nagmaalerediens lei, en later groete en gelukwense aan die gemeente oordra namens die Kommissie en die Kerk. Ds Jaap Steenkamp sal namens die ringsgemeentes gelukwense oordra. 'n Gedenksteen word onthul deur suster Kittie Wiegand, en die gemeente hou daarna 'n skaapbraai. Dr Gerrie Bloem versorg die gemeente tans pastoraal.

- **Gemeente Johannesburg-Wes** het besluit om sy standplaas af te skaal na deelversorging. Die versoek sal deur die Kommissie van die AKV behandel word by sy vergadering op 4 en 5 Junie.

- Die e-posadresse van **Gemeente Kruin** in Roodepoort het verander. Bring asseblief die nuwe gegewens aan op bladsy 122 van die *Almanak:*

  - Ds AJ Pienaar: **kobusjpienaar@gmail.com**
  - Kantoor: **nhkkruin@gmail.com**

- **Hemelvaarteredienste** vind op Donderdag 21 Mei in al die gemeentes van die Kerk plaas. Lidmate word opgeroep om die eredienste op dié belangrike feesdag by te woon.

- Die diakens van **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** wil vanjaar weer van hul **komberseprojek** 'n reusesukses maak. Hulle vra mooi: *Help ons met 'n kombers of 'n geldelike donasie waarmee ons komberse kan aanskaf.* Skakel Annatjie Sandrock by 072 3567 189 of 015 295 5464 vir meer besonderhede. Onthou: Elke keer wanneer u onder u warm komberse inkruip, is daar iemand wat te min of glad nie 'n kombers het nie…

- **Gemeente Erasmia** hou op Vrydag 22 Mei **konsert**. Yoti die Griekse Boertjie tree om 19:00 op in die kerksaal, en die kaartjies kos R60 vir volwassenes en R30 vir kinders onder 10 jaar. Dit sluit sop en nagereg in. Ons gaan Griekse danspassies leer en ook leer hoe om borde op die Griekse manier stukkend te gooi. Borde kos R5, en sjerrie sal ook teen R5 te koop wees.

- **Gemeente Philadelphia** hou die naweek van 22 tot 24 Mei 'n **gemeentefees**. Op Vrydagaand 22 Mei tree die kunstenaar Annecke Redelinghuys op in *Getuie van 'n kaalvoetreis*. Sy neem ons op 'n reis deur die vele fasette van die wese van vrouwees. Kaartjies is R50 per persoon en sluit 'n ligte ete in. Saterdag is ons feesdag – maalvleis en wors is beskikbaar teen R35 per kg; R50 per kg vir kruisskyf (rump) en R80 per kg vir filet. 'n Potjiekoskompetisie vind

later die middag plaas. Wees deel van ’n pretdag en sê saam met ons dankie vir die geleentheid om te bou om ons fasiliteite te verbeter. Navrae aan ds Martin Slabbert (082 655 4787), dr Piet van Staden (072 203 0050) of dr Sanrie de Beer (083 226 1866).

- Die **NHSV Theresapark** hou op Saterdag 23 Mei om 09:30 vir 10:00 hul jaarlikse **Oggendtee** in die stadsaal van Akasia. Die gaskunstenaars is **La Diva**. Kaartjies kos R90 per persoon en sluit tee en verversings in. Uitstallers is ook welkom. Vir besprekings, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568 of die pastorie by 012 542 1321.

- **Gemeente Schoemansdal** hou op Saterdag 30 Mei vanaf 09:00 hul **Bosveldbasaar en musiekfees** op die kerkterrein in Maraisstraat, Schoemansville. Skakel 012 253 0146 vir meer inligting.

- **Gemeente Carolina** hou op Saterdag 30 Mei die grootste **winterfees** ooit. Vleis en baie lekkernye sal aangebied word. Alle belangstellendes is welkom. Vir meer inligting, kontak Jacques van der Walt by 083 589 2435, of Nollie de Beer by 083 264 5424, of ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555.

- **Gemeente Randburg** hou op Saterdag 30 Mei sy jaarlikse **basaar**. Daar is ook ’n **basaarkompetisie** waarin ’n **bootreis** vir twee persone op die MS Melody na die Portugese Eilandegewen kan word. Die prys sluit in retoer vliegkaartjies vanaf Johannesburg na Durban, lughawebelasting, vervoer tussen die lughawe en die hawe, en 4 nagte op die MS Melody in ’n buitekajuit (alle etes ingesluit). Kaartjies is beskikbaar teen ’n donasie van R100. Kontak mev Elna van der Walt by **ElnaV@nhk-randburg.org.za** of 011 787 4893.

- **Gemeente Primrose-Oos** hou op 6 Junie **basaar** op hul kerkterrein in Lucystraat in Homestead. Allerlei lekkernye, wildsbiltong en droëwors (springbok) asook hul gesogte wildsbraaiwors sal te koop wees. Daar sal ook speletjies vir die kinders wees waar hulle groot pryse kan losslaan. Al die gemeentes van die ring van Zuurfontein en enige ander belangstellendes word genooi om te kom deel in die pret. Vir verdere besonderhede, kontak Louise du Toit by die gemeentelike kerkkantoor, 011 822 1669 of **nhkprimroseoos@mweb.co.za**, of Grietjie Smuts by 083 525 1402.

- **Gemeente Groot Marico** hou hul jaarlikse **karnaval** op Saterdag 6 Junie. Jy kan 10 verse wen of R30 000 in kontant as jy ’n kaartjie teen R100 koop. As jou boerdery reeds op dreef is, skryf jou osse in vir die swaarste-oskompetisie – die swaargewigte het die skaal al tot ver bo 1 000 kg getrap. Gaan probeer skyfskiet, kleiduifskiet en kleilat-gooi, en luister na die gaskunstenaar, Pieter Koen. Navrae kan gerig word aan Boet Nel by 083 700 9751of ds Willem Sauer by 079 699 1237. Besoek gerus ook die webwerf: www.maricosafarikarnaval.co.za.

- **Gemeente Wesmoot** in Pretoria hou op Saterdag 6 Junie vanaf 08:00 **basaar** op die parkeerterrein van Trade Centre. Daar sal vermaak wees vir die kinders, ’n teetuin met tuisgebak, en al die lekker dinge wat net by kerkbasaars te kry is.

- **Gemeente Van der Hoff** in Groblersdal hou op Saterdag 6 Junie hul jaarlikse **basaar** met die *Super 14 Rugby* as tema. Hoewel die gemeente reeds verdeel het in Bulls, Sharks, Cheetahs en so hier en daar ’n Lion en ’n Stormer, werk almal as een span onder leiding van die afrigter, oom Dick Engelbrecht, en die spankaptein ds Johan du Preez. Dit gaan groot pret wees met baie te eet en te doen. Die gemeentelede gaan ’n paar 7’s-rugbyspanne saamstel en die Vodacom Bulls Babes kom hoogskop. Belangstellendes word genooi om die rugbyfees te kom meemaak op die kerkterrein in Voortrekkerstraat, Groblersdal.

- **Gemeente Laer Suidkus** bied op Vrydag 19 Junie om 19:00 ’n *Prawnfees* aan in die stadsaal van Port Shepstone. ’n Verskeidenheid geregte word buffetstyl aangebied, met hope garnale as hoofgereg. Skaapboud kan egter ook voorgesit word aan mense wat vir garnale gril! Yoti die Griekse Boertjie tree op as gaskunstenaar. Die fees vind plaas in dieselfde tyd as die opwindende Sardienloop, en lidmate van alle gemeentes word genooi om te deel in die pret. Kom kuier Grieks, smul aan seekos en beleef die *Biggest shoal on earth*. Kaartjies kos R140 per persoon, en verblyfreëlings kan getref word. Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**.

ANDER NUUS

- Die **Sinodale Kerkkantoor** is gesluit op Donderdag 21 Mei, Hemelvaartdag. Die meeste van die personeel neem ook op Vrydag 22 Mei verlof, en lidmate wat die kantoor wil besoek, moet vooraf seker maak dat die betrokke persone beskikbaar sal wees.

- Die bestuurder van die SENTIK-boekwinkel, **mev Susann van Zyl**, is met verlof van 21 Mei tot 3 Junie. Gemeentes word gevra om bestellings wat nie voor 20 Mei geplaas is nie, terug te hou tot na 3 Junie. Hoewel SENTIK alternatiewe reëlings tref om die boekwinkel vir die periode te beman, mag bestellings langer neem om uitgestuur te word. Daar sal ook nie deurentyd iemand wees wat telefoniese navrae kan beantwoord nie. Bestellings en navrae kan gestuur word na **sentik@nhk.co.za**.

- Die **SP Engelbrechtmuseum** is vir die volgende maande nie toeganklik vir besigtiging nie. Die museumvoorwerpe is in die proses om verpak en voorberei te word vir die groot verskuiwing van die museum na die historiese kerkgebou van Gemeente Pretoria.

- Die **NHSV hoofbestuur**, in samewerking met die Algemene Diakensvergadering (**ADV**), bied op Saterdag 6 Junie van 09:00 tot 13:30 'n **beraad oor dissipline** aan. Die tema is GESONDE GESINNE, en dit vind plaas by Gemeente Montana, hv Jan Bantjies- en Azanzaweg, Montana, Pretoria. Die organiseerders wil graag dat minstens twee afgevaardigdes per gemeente die geleentheid bywoon, sodat die saak verder in gemeentes hanteer kan word. Inskrywingsgeld beloop R100 per persoon en is betaalbaar aan die NHSV hoofbestuur. Dit sluit tee en verversings asook 'n ligte middagete in. Kontak die NHSV kantoor by 012 325 0117.

- Die Kommissie van die AKV voer tydens sy vergadering op 4 en 5 Junie gesprek met die dagbestuur van die NHSV en die dagbestuur van die ADV. Dit is 'n jaarlikse kontakgeleentheid waar diepgaande gesprek gevoer word oor **diakonale werk in die Kerk**.

- Die Raad vir Regsadvies het by sy vergadering op 11 Mei verskeie voorstelle vir wysigings aan die bestaande **Kerkorde** gefinaliseer vir voorlegging aan die Kommissie van die AKV (onder meer Ordinansie 8 en die reglement vir die prosedure by die ondersoek van 'n klag).

- **Die Ondersteuningsraad** wil gedurende die **September-skoolvakansie 'n kamp** aanbied vir 100 kinders wat in pleegsorg verkeer, by kinderhofondersoeke betrokke is, aan verwaarlosing en mishandeling blootgestel is, ensovoorts. Dit is die 10de sodanige kamp en is uitgebrei sodat kinders van ander kantore van die Raad ook betrek kan word. Tydens die kampe word terapeutiese groepwerk deur maatskaplike werkers aangebied. Studente help ook met die aanbieding van bewuswordingsgroepe, rekreasie, sportaktiwiteite en vryetydsbesteding. Die Ondersteuningsraad moet self die fondse vir die kamp genereer. Enigiemand wat kan help om kinders vir die kamp te borg, of wat meer inligting oor die projek verlang, kan Suzanne van Deventer kontak by 012 325-2320, 071 684 7789 of **oraad@telkomsa.net**. Die koste van die kamp is R600 per kind (dit sluit verblyf, etes, vervoer en hulpmiddels in).

- Gedurende 1924 (85 jaar gelde) is die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** gestig. Alle predikante is lede van dié vereniging. Die bestuur van 2009 wil vanjaar 'n besondere fondsinsameling loods en terselfdertyd 'n reünie hou om al die Van der Hoffers bymekaar te bring. 'n **Gholfkompetisie** word beplan sodat die predikante hulle vernuf kan toon. Die dag sal afgesluit word met die tradisionele Van der Hoff-dinee. Die poging kan net slaag indien daar voldoende finansiële ondersteuning is. Belangstellendes word genooi om 'n borgskap aan te bied. Kontak asseblief een van die volgende persone as u kan help:
  - Marius Kramer (Praeses) 082 346 7258
  - Elritia le Roux (Assessor) 083 503 4262
  - Tiaan Leodolff (Fiscus) 073 529 1538
  - Lise-Marie Swanepoel (Abactus) 083 943 4561
  - Adriaan Benadé (gholfakademie) 082 763 2728

- **Belangrike vergaderings**

- Hierdie vergaderdatums is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Die Ondersteuningsraad op Donderdag 28 Mei
  - Die Raad van Finansies op Vrydag 29 Mei (kwartaalvergadering)

- 'n Nuwe telefoonstelsel by die Sinodale Kerkkantoor maak dit vir inbellers moontlik om met behulp van die uitbreidings direk by die onderskeie personneellede uit te kom. Hierby verskyn dus 'n lys van die verskillende telefoonnommers en/of uitbreidings.

A	**ADMINISTRATEUR SE KANTOOR**		
	Kobus Viljoen	**254**	**ADMINISTRATEUR**
	Rona Barnard	**254**	Persoonlike Asst van Administrateur
	ADV (Algemene Diakensvergadering)		
	Dr Wilhelm Coetzer	**221**	Sekretaris: ADV
	Marié van Niekerk	**221**	Sekretaresse: ADV
	AFROLKAMER		
	Maria Solomon	**239**	Afrolkamer

	AIM - KANTORE		
	Prof Natie van Wyk	**082 448 4759**	AIM
	Kantoor	**082 903 5460**	AIM
	Kantoor	**082 662 2209**	AIM
	APOSTOLAAT		
	Dr Wim Dreyer	**259**	Sending
	Clarika Hattingh	**259**	Raad vir Apostolaat
	ARGIEF		
	Nándor Sarkady	**204**	Sentik: Argief
	Cecile Naudé	**203**	Sentik: Biblioteek
F	**FINANSIES**		
	Elmar Struwig	**217**	Hoofrekenmeester
	Thea Wessels	**202**	Finansies - Rekenmeester
	Annerien Lewis	**217**	Finansies - Rekenmeester
	Alida Bezuidenhout	**219**	Finansies - Beleggings
	Sarie Roux	**315**	Finansies - Kassier
	Leon Moore	**218**	Finansies - Debiteure
	Elsie Brits	**225**	Finansies - Invorderings Debiteure
	Adrie Janse van Rensburg	**201**	Finansies - Data
G	**GEBOUE-ONDERHOUD**		
	Leon Botha	**280**	Gebouebestuurder
	Edith Sepeng	**214**	Liassering
K	**KINDERHUISE**		
	Dr Jan Oberholzer	**221**	Kinderhuise
	Marié van Niekerk	**221**	Sekretaresse: Kinderhuise
	KONSERVATORIUM		
	Dr Elsabé Kloppers	**232**	**Sentik: Kerkmusiek**
	Konservatorium	**302**	Margaret van der Vegt – Musieklesse
M	**MANNEKRAG**		
	Piet Beukes	**252**	Mannekragbestuurder
	Susan Reyneke	**252**	Sekretaresse: Mannekragbestuurder
	Marietjie Smith	**231**	Personeel / Salarisse
	Jannie van Niekerk	**200**	Skakelbord / Ontvangs
	MEDIES		
	Elsie Boonstra **012 452 7207**	**206**	**Medies** - Net **Woensdae**-oggende 8 - 12
	MRCC		
	Ds Josef Motloba	**258**	MRCC - CEO
O	**ONDERSTEUNINGSRAAD**		
	Mariaan Steenkamp	**263**	Ondersteuningsraad
	Ansie Cromhout	**263**	Sekretaresse: Ondersteuningsraad
	David de Villiers	**262**	Rekenmeester: Ondersteuningsraad
	Manie Dreyer	**317**	Ondersteuningsraad
	Dr Charmaine Fourie	**313**	Ondersteuningsraad

	OUDIT		
	Johan Hattingh	**209**	Bestuurder - Oudit
	Deonie la Grange	**209**	Oudit - Sekretaresse van Ouditbestuurder
	Ria Eksteen	**210**	Oudit
	Marieta Bodenstein	**212**	Oudit
	Wilna Davis	**212**	Oudit
	Annelie Kotzee	**210**	Oudit
	Rina Oosthuizen	**212**	Oudit
	Hester Pretorius	**211**	Oudit
	Helena Prinsloo	**212**	Oudit
	Annetjie Swart	**211**	Oudit
	Theandri Wessels	**212**	Oudit
R	**REKENAARAFDELING (IT)**		
	Christo Joubert	**227**	Rekenaar
S	**SENTIK**		
	Dr Wouter van Wyk	**261**	Sekretaris: Toerusting, Inligting en Kommunikasie
	Dr Wian Kloppers	**229**	**Sentik: KONTEKS**
	Tessa Oppermann	**235**	**Sentik: Produksiebestuurder**
	Susann van Zyl	**291**	**Sentik Uitgewers**
	Izelle Marx	**238**	**Sentik: Uitleg en ontwerp**
	Francis Coertse	**233**	**Sentik: Uitleg en ontwerp**
	SKRIBAAT		
	Dr Fanie Pretorius	**257**	Sekretaris AKV - Skribaat
	Karen Breedt	**257**	PA Skribaat
	STUDENTESAKE		
	Betsie Brits	**012 420 5393**	Sekretaresse UP - Prof Theuns Dreyer
T	**TO CARE**		
	Ds Johan Smit	**205**	to care - CEO
	Linda Futcher	**205**	to care - Admin. Beampte
	Hazelle Msiza	**205**	to care
	Salomie Webb	**205**	to care - Projekbestuurder
	TRANSORANJE INSTITUUT (TOIBO)		
	Karin du Toit	**012 320 7644**	TOIBO
V	**VERSEKERING**		
	Esmé Bouwer	**012 452 7119**	**Versekering**

KOMMENTAAR

“Waar ek ook nou so skrams deel van die e-wêreld geword het, wil ek net my dank uitspreek vir die *e-Hervormer*. Hoewel ek al ’n hele handvol jare gelede verslete verklaar is, bly ek op die hoogte en ingelig binne ’n paar minute. Dankie en hou die skof teen die juk.”

Kobus Müller

Die oë gerig op die hemel

In die Mei 2009-uitgawe van *Konteks* skryf diaken Andries Pretorius van Gemeente Oos-Moot oor die betekenis wat die Hemelvaart vir diakens inhou. Hierdie is 'n verkorte weergawe van sy artikel.

Voor 1994 was Hemelvaart een van die Christelike dae wat ons in Suid-Afrika openlik herdenk het. Nou het dit verander en is die dag so gewoon soos elke ander dag. Ons as Christene probeer die dag onderhou deur 'n aanderediens by te woon.

Maar wat beteken hierdie dag, hierdie wete van die Hemelvaart, vir my as diaken, vir elke mens wat die barmhartigheid van Christus uitleef? Jesus vra self wat ons sê van sy hemelvaart.

Kruisigingsvrydag of Goeie Vrydag het die sigbare element, die tasbare element van die sondige Mens wat gekruisig word. Verder het dit die aardse, materiële element van die voorhangsel wat in twee skeur. Hierdie skeur van die voorhangsel dui nie net op die wegneem van die skeiding tussen mens en Mens nie. Dit dui op die oorgang van materiële na geestelike.

Opstandingsondag of Paassondag is die tweede aanduiding van die oorgang van die aardse na die geestelike – daar waar die vlees die dood oorwin. Ons sien Hom wel na die tyd by die oop graf, en ons sien Hom waar Hy aan verskeie mense en groepe verskyn. Hier kry ons wat tog so kleingelowig is en altyd tekens wil hê, die sigbare tekens van die opstanding uit die dood, van die vlees wat gees geword het en weer Mens word om aan ons te verskyn.

Geboorte, kruisiging, opstanding, en dan is ons by Hemelvaart. Die opvaar na die hemel. Jesus self vra: Wat sal julle sê wanneer julle sien dat Ek, die Seun van die mens, teruggaan na die hemel waar Ek voorheen was?

Jesus se hele aardse bestaan het gedraai om die hiernamaals, die hemel waar sy Vader is en waarvandaan Hy kom en waarheen Hy teruggaan. Hy het ons baie aardse dinge geleer – hoe ons met mekaar moet handel, hoe ons moet vergewe, hoe ons moet respekteer, alles oor ons daaglikse doen en late. Elke keer het die gelykenis of les verwys na wat die Vader in die hemel wil hê.

So lei Hy ons, berei Hy ons daarop voor dat die aardse lewe oorgaan in die hemelse, dat die vleeslike die geestelike word. Ons kan sê hy kondisioneer ons om die geestelike te aanvaar. Die opneem in die hemel of hemelvaart is die sigbare bevestiging van die geestelike wêreld – die enigste sigbare teken van die oorgang van vlees na gees.

Dit is belangrik dat ek as diaken of barmhartigheidswerker sal besef dat Hemelvaart vir my die volgende beteken:

- Die bevestiging van die oorgang van vleeslik na geestelik, die bestaan van die hemel.
- Dat die lering van Jesus altyd die hemel as eindpunt het. So moet ek alle aangeleenthede benader.
- Dat ons nie al die seer, alles wat stukkend is, al die armoede en trauma van hierdie aardse wêreld kan wegvat of oplos nie, maar dat ons wel in die geloof die hemelse pad moet stap om die hemelse vrede te beleef en uit te dra.
- Dat ek as diaken en barmhartigheidswerker mag sê: *Dankie, Jesus, dat U vir my die hemelse weg wys.*

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse